Desember 2008

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Kanonne!! Kanonne!! Ek het baie interessante terugvoering gekry oor Ras en sy kanonne en besluit om dit alles te plaas. Ongelukkig was dit te veel [15 bladsye] en moes ek nie-relefante dele uitsny. Die volledige artikels kan aangevra word as iemand belangstel.

---------------------------------------------------------------------

Die volgende van MC Heunis.

Dankie vir die nuutste nuusbrief. Soos jy seker reeds weet, as jy van kanonne skinder, sal ek iets hê om te sê!

Oor die Ras-kanonne van Bokfontein is daar baie te sê. Daar is steeds onenigheid oor presies hoeveel kanonne gemaak is en wie die kanonne gemaak het. Marthinus Ras het wel die aansien daarvoor gekry, maar sommige bronne meld dat dit eintlik sy neef Eduard was wat die talentvolle grofsmid was. Marthinus Ras was blykbaar ‘n gesiene vrugteboer en was meer bekend vir sy sterk drankstokery as sy vernuf met die hamer en aambeeld. Aangesien Marthinus na die oorlog as die “kanonmaker” eer verwerf het en Eduard geen erkenning gekry het vir sy aandeel nie, het dit blykbaar groot onmin in die familie veroorsaak. Die feit bly egter staan dat beide Marthinus, sy broer Hermanus, Eduard en hulle seuns almal op een of ander manier betrokke was by die maak van hierdie ongelooflike kanonne.

Oor die hoeveelheid kanonne stem die historici ook nie ooreen nie. Die algemene en mees aanvaarbare weergawe is dat daar slegs twee kanonne gemaak is, nie drie nie. Die idéé om ‘n kanon te bou het begin nadat Martinus en Eduard Ras “Ou Grietjie”, wat by Potchefstroom gebruik is, op ‘n wasstel gemonteer het. Marthinus het dus in Desember 1880 agt dae verlof van Generaal Piet Cronje gekry en is inderhaas terug Bokfontein toe. Die ysterbande is gekoop van ‘n handelaar op Rustenburg en 14 dae later was die eerste kanon met ‘n kaliber van omtrent 3 duim voltooi. Die kanon se ontbrandingskamer is egter beskadig (sy “breech plug” het uitgeskiet) toe hulle hom die eerste keer geproefvuur het. Sommige bronne neem aan dat die Rasse daarna ‘n nuwe kanon gebou het om die beskadigde stuk te vervang, maar die meer aanvaarbare weergawe is dat hulle slegs die beskadigde “breech” gedeelte herstel en sterker gemaak het. Waarom ‘n hele nuwe loop bou as net die agterste gedeelte beskadig was? Daar was in elk geval nie tyd om ‘n hele kanon van voor af te vervaardig nie!

Die eerste kanon het “Martienie” geheet en is tydens die Transvaaloorlog gebruik teen die Britse garnisoen op Rustenburg. Soos jy genoem het is dit eers op 2000 tree, toe 800 en daarna op 600 tree gebruik en het ‘n ronde lood bal van ongeveer 7 pond ge-skiet. Op die 8e Januarie 1881 is 59 skote gevuur en op die 9e 34, waarvan slegs 4 treffers was. Die kanon het blykbaar probleme ondervind, veral met die laaiery, wanneer dit warmgeskiet was.


Die tweede kanon is die kleiner kanon wat “Ras” geheet het. Die byname “Rijfel” (Rifle) en “Henning Pretorius” word ook genoem. Dit had ‘n kleiner kaliber, maar ‘n langer loop as “Martienie” en het na oorlewing ‘n 2-duim dik, 4-duim lang sferiese projektiel gevuur wat net oor die 2 pond geweeg het. Hierdie kanon is eers voltooi ná die vredesluiting, so dit het nie deelgeneem aan die oorlog nie. Dit was egter vir ‘n tyd lank gebruik as die seinkanon op Seinheuwel buite Pretoria. Tydens hierdie tydperk het een van die bande op die loop afgekom nadat kwaaijongens blykbaar die

kanon met klippe gelaai het. Nadat dit beskadig is, moes “Martienie” die tydseine skiet.

Later is “Ras” na Europa gestuur vir die 1900 World Fair in Parys en is eers na die Anglo-Boereoorlog weer teruggebring SA toe. Toe die Britte Pretoria binnemarsjeer in 1900 het “Martienie” gelukkig reeds in die museum gestaan, anders sou dit, soos meeste ander Boerekanonne, ook Engeland toe gestuur gewees het en later opgesmelt geword het.

Albei is vandag steeds te sien in Pretoria. Martienie rus by Denel in Erasmuskloof en Ras is op uitstalling by Fort Schanskop. “Martienie” se sluitstuk lyk wel anderste vandag as wat dit op die Ras-foto lyk. Ek vermoed die Rasse het “Martienie” se sluitstuk later verander na dieselfde, en meer elegante, ontwerp as wat op “Ras” gebruik is. Die verandering kan reeds op die “Jan W De Haas & Co. General Dealer” foto gesien word. Daar is nooit ‘n derde loop ontdek nie. Wat wel verwarring veroorsaak is ‘n aantal replikas wat later jare (by die Universiteit van Pretoria, as ek reg onthou) vervaardig is. Een hiervan is te sien by die Krugerhuismuseum. Nog een was ‘n ruk gelede by Kruger se plaas Boekenhoutfontein buite Rustenburg.





Martienie, toe en nou. Let op die afwesigheid van die “boute en moere”-tipe sluitstukversterking op die hedendaagse kanon.

Bykomende Bronne:

- BK de Beer. Agter die Magalies. Postma Publikasies, Desember 1975.
- J van Rensburg. Die Ras-kanonne van Bokfontein. Brosjure 6, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria, Oktober 1981.

PS: Marthinus Ras is reeds in 1843 gebore en die foto's van die Ras-kanonne is tydens die vroee 1880s geneem, toe hy so 40 jaar oud was. In daardie jare was ons vriend Lood Petoors steeds 'n kind, daarom dat hy in later jare van ou meneer Ras praat. Arme Ras is blykbaar wreed vermoor en sy ligaam erg vermink deur die barbare vir toorgoed…

---------------------------------------------------------------------------

Die volgende van Hennie Swanepoel

Majuba Dag was vir Boere 'n feesdag van verootmoediging. Chris Venter.

Bron: Die Burger. Woonburger. 28 Februarie 1998. Bladsy 4. Hier volg slegs die laaste deel van die artikel.

'n Interessante verwikkeling van die Eerste Vryheidsoorlog verdien vermelding. Met die aanvang van dié oorlog het 'n jong boer, Martinus Ras, met groot vernuf twee 12-ponder-kanonne uit afvalyster gebou wat klaarblyklik goed vergelyk het met dié wat die Britte tot hul beskikking gehad het.

Daar word gesê dat die besit van hierdie twee kanonne die Britte daarvan weerhou het om Heidelberg, waar die Driemanskap-regering hul hoofkwartier ingerig het, aan te val. Die Ras-kanonne is egter nooit teen die Britse soldate op die slagveld gebruik nie.

Ná die oorlog het Ras, bekend as die vader van Suid-Afrika se artillerie, verskeie demonstrasies by wapenskoue gelewer. Een kanon is lank gebruik as die seinkanon by Fort Klapperkop by Pretoria. Dit is later na die Transvaal Museum in die middestad verskuif.

Met Republiekwording in 1961, het die Kanonniersbond van Suid-Afrika sy lidmaatskap van die Internasionale Kanonniersbond verloor. Dit is egter in 1996 herstel. By dié geleentheid het lt.-genl. Philip du Preez 'n silwer-skaalmodel van die Ras kanon aan die Britse koninginmoeder, beskermvrou van die Internasionale Kanonniersbond, oorhandig.

Mnr. P. Stark van Silvetech op Stellenbosch wat die silwer vir die skaalmodel verskaf het, het 'n bronsmodel as geskenk ontvang.

Dr. Venter is lektor in die Universiteit van Stellenbosch se Departement Geskiedenis.

Die Ras kanonne van nuwe waband-yster het wel gebulder. Chris Venter

Bron: Die Burger. Woonburger. 30 Mei 1998. Bladsy 3.

My artikel getiteld "Majuba Dag was vir die Boere 'n feesdag van verootmoediging", wat op 28 Februarie 1998 in WoonBurger verskyn het, het interessante, regstellende en aanvullende kommentaar van twee lesers van Brits in Noordwes ontlok. In my vorige artikel, wat oor die Slag van Majuba gehandel het, het ek verwys na Marthinus Nicolaas Ras wat in 1880 tydens die Eerste Vryheidsoorlog die eerste twee kanonne in die

Transvaalse Republiek gebou het en daarom as die “vader van die Suid-Afrikaanse artillerie” beskou word.

In die artikel het ek ook gemeld dat Ras die kanonne van afval-yster gemaak het en dat die kanonne nooit teen die Britse soldate op die slagveld gebruik is nie.

Dr. J. van Heerden en mnr. Hans Strydom, albei van Brits, het my daarop gewys dat die kanonne van nuwe wabande gemaak was wat op Rustenburg aangekoop is. Hulle sê die kanonne is met welslae teen 'n Britse fort op Rustenburg gebruik. Dit het trouens daartoe gelei dat die Britte oorgegee het.

Die inligting wat ek van dié twee lesers ontvang het, kom uit 'n pamflet deur J. Lion Pienaar onder die titel “Die Ras kanonne vervaardig uit wabandyster tydens die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881”. Dit is opgedra aan die Rapportryers by geleentheid van die inwyding van die Voortrekkermonument te Pretoria op 16 Desember 1949.

Pienaar het sy verhaal van die kanonne gegrond op die mededelings van die sewentigjarige Hermanus Ras, die seun van Marthinus Ras, wat as sestienjarige sy vader met die bou van die kanonne gehelp het.

Ek het my inligting weer verkry uit die artikel “The father of S.A. Artillery” van H. Zannucci wat in die Tydskrif van die Historiese Vuurwapenvereniging van Suid- Afrika, 5(1), Junie 1969, verskyn het. Hierdie artikel het ongelukkig geen bronne-verwysings bevat waarmee die inligting daarin verstrek, gekontroleer kan word nie.

Volgens die historiese metode moet die mededelings van Hermanus Ras as die betroubaarste beskou word. Dit is immers so dat die bou van die kanon 'n geweldige indruk op die sestienjarige Hermanus sou gemaak het en hy dit baie goed sou onthou. Dit is ook moontlik dat 'n sewentigjarige nie alles presies sou kon onthou wat 45 jaar vantevore gebeur het nie.

Die foute wat ingesluip het toe Sarel Cilliers sy herinneringe laat opteken het oor die aflegging van die Gelofte voor die Slag van Bloedrivier, is 'n sprekende voorbeeld. Die feit dat die plaas Bokfontein, waar Ras die kanonne gebou het, in die distrik Brits geleë is en dat die inwoners van Brits steeds die verhaal ken, maak die mededelings van Hermanus geldiger.

Nogtans is dit interessant om te let op die verskille tussen die artikel van Zannucci en die mededelings van Hermanus Ras met betrekking tot die volgende: a) wie die bou van die kanonne geïnisieer het; (b) waneer die kanonne gebou is; (c) die gebruik van die kanonne teen die Engelse en die mate van sukses wat behaal is; (d) en hoe die een kanon beskadig is.

Volgens Zannucci het 'n sekere kmdt. Botha in Julie 1880, dus voor die oorlog, vir Ras gevra of hy 'n paar kanonne vir Transvaal kon bou, waarop hy ingestem het om dit te doen. Op 28 Desember 1880 is die eerste oefenskote met die kanon naby Heidelberg in Transvaal afgevuur. Die kanonne is later na Heidelberg geneem om die dorp, as tydelike hoofkwartier van die Driemanskap regering, te beskerm teen 'n Engelse aanval.

Die teenwoordigheid van hierdie kanonne het die Engelse daarvan weerhou om Heidelberg aan te val. Ná die oorlog het Ras verskeie demonstrasies by wapenskoue, oftewel skyfskiet-geleenthede, gelewer en tydens so 'n demonstrasie het die een kanon se loop gekraak.

Op sy beurt beweer Hermanus dat sy vader reeds aan die eerste gevegte by Potchefstroom deelgeneem het toe hy verlof van genl. Piet Cronjé gevra het om na Bokfontein terug te keer om kanonne te bou.

Daar moet aanvaar word dat die kanonne van wabandyster gemaak is. Alhoewel Zannucci aanvanklik meld dat afvalyster (scrap iron) gebruik is, verwys hy later na

wabandyster. Die eerste kanon het misluk, maar nadat die tweede suksesvol op die plaas Bokfontein getoets is, is dit met soveel sukses teen die Engelse in die fort op Rustenburg gebruik dat die Engelse oorgegee het.

Die tweede kanon is egter eers ná die Slag van Majuba voltooi en is nooit teen die Engelse gebruik nie.

In sy hoofstuk oor "Die beleëring van die Britse garnisoene", wat opgeneem is in die gesaghebbende "Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880- 1881" onder redaksie van F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg en W.A. Stals, skryf dr. J.E.H. Grobler (p. 133) oor die gebruik van die Ras kanon teen die Engelse fort op Rustenburg soos volg: die Boere bevelvoerder Sarel Eloff, skoonseun van (indertyd) vise-president Paul Kruger, "het onder meer die kanon wat deur een van sy burgers, Marthinus Ras, uit waband-yster gesmee is, teen die fort ingespan, maar dit het nie die Britte tot oorgawe ge-dwing nie. Daardie kanon is later in Europa tentoongestel."

Oor die wyse waarop die een kanon beskadig is, meld J. Lion Pienaar dat die Ras-kanonne omstreeks 1885 na Pretoria verskuif is waar dit daagliks gebruik is om die middaguur-tydsein af te vuur.

Hy skryf verder: "Op 'n dag het 'n sekere Comploier een van die artilleriste en 'n `woestaard van 'n Oostenryker' die Ras-kanon met klippe gelaai en dit in die rigting van die woning van die Staatspresident gerig voordat die gebruiklike twaalfuur-sein afgevuur is. Niemand wis daarvan nie en toe die skoot om twaalfuur knal, val stukkies klip selfs op die president se tafel waarvoor `Comploier byna voor de krygsraad kwam'. Dit was die laaste skoot van Martienie (die naam van die kanon), want die `klipbom' het ook die loop en een van die ysterringe laat bars."

Behalwe die verskille tussen die bronne oor die Ras kanon waarna hierbo verwys is, bestaan daar ook ooreenkomste. Die ooglopendste is dat Marthinus Ras met groot vernuf wel twee kanonne uit wabandyster gebou het, dat die bouwerk in groot geheimhouding plaasgevind het om die Engelse in die duister te hou, dat die kanonne ná die oorlog na Pretoria geneem is, dat dit gebruik is as seinkanonne, en dat die een kanon beskadig is.

Die inligting van J. Lion Pienaar oor die tragiese einde van Marthinus Nicolaas Ras is nie heeltemaal korrek nie. Hy beweer dat Ras "op Sondag 18 Februarie 1890 tydens die Anglo-Boereoorlog" by Kaje's Put deur swartes van Linchwe om die lewe gebring is. Ons weet dat die Anglo-Boereoorlog eers in Oktober 1899 uitgebreek het en dat die moord op Ras op die vroegste eers in 1900 kon plaasgevind het.

Oor die geldigheid en korrektheid van die besonderhede in die dokumente waarna hierbo verwys word, kan ek my nie uitspreek voordat alle moontlike bronne nagevors is nie. Nogtans vereenselwig ek my met die uitspraak van J. Lion Pienaar dat die naam van Ras sal bly voortleef in ons geskiedenis. Hy staan vereer as vader van die Staatsartillerie.

Hans Strydom meld ook dat hulle moontlik replikas van die Ras kanon gaan verkoop.
Alle sukses daarmee.

Baie dankie aan dr. Van Heerden en mnr. Strydom vir die insiggewende inligting en foto-afdruk wat ek van hulle ontvang het.

Dr. Chris Venter is 'n historikus verbonde aan die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch.

J.Lion Pienaar, 1949

---

Die volgende van Albrecht Holm

Jou vraag: "Lood praat telkens van ou meneer Ras, maar die persoon op die foto's lyk nie vir my so oud nie, nou wonder ek net of dit nie miskien 'n pa en 'n seun was wat die kanonne gemaak het nie. Is daar nie miskien iemand met genealogiese inligting oor die Ras familie nie???"

Dankie vir jou Pretoriabriewe wat vir my altyd interessant is, die jonste een veral omdat dit mense uit die ou dae van Hartbeespoort betrek het:

Raskannone Marthinus Ras se plaas, waar hy met lemoene geboer het, 'n groot stokery bedryf het en dan ook die kanonne gebou en getoets het, is noord van die Magaliesberg. Dit is die gebied wat Eugene Marais later beskryf het as "Die Paradys van Weleer" weens sy vrugbaarheid en baie water. Op dieselfde plek is ook die beroemde "De Wet-ontsnaproete". Ek heg vir jou inligting uit ons erfenisopname hierby aan. Jy kan dit gerus gebruik.

Majoor Hall se storie bevat 'n paar onwaarhede. Marthinus was nie 'n smid nie maar 'n ondernemende boer. Hy het wel, soos meeste boere, ook 'n smidswinkel gehad, maar die eintlike smid was sy neef, Eduard Dawid Ras. Hy het ook noord van die Magaliesberg sy plaas gehad in dieselfde Paradys van Weleer maar heelwat verder oos, oorkant die Krokodilrivier. Marthinus was egter die groter prater en het dit so bewerk dat hy die roem vir die maak van die kanonne geoes het. Sy neef was nie baie ingenome daarmee nie en toe Marthinus ook nog die £100 wat die regering vir hulle gegee het, vir homself vat, het daar 'n familietwis ontstaan. Marthinus se jonger broer wat ook met die maak van die kanonne gehelp het, word ook nie deur Marthinus eintlik genoem nie.

Terloops, die moord op Marthinus word op sy grafsteen as "wreed door de kaffers vermoord" aangegee. Die wreed verwys daarna dat hulle hom geslag het en dele van sy liggaam waarskynlik ge-eet het. Een van die muti-moorde dus.

Terug na die Hall-verslag: Die drie Rasse het net twee kanonne gemaak. Die eerste het egter gebreek en is toe herstel. Moontlik kom die gerug van die derde kanon daarvan dat die eerste kanon tweemaal getel is, of van die feit dat hulle vir Grietjie 'n onderstel gebou het. Die kanonne was natuurlik nie so effektief nie aangesien hulle net ysterballe geskiet het en nie ontploffende projektiele soos destyds al die gebruik was nie.

Wat Lodewyk Pretorius (Skote Petoors) betref: Hy was ook 'n inwoner van die Hartbeespoort-omgewing. Sy plaas was op Welgegund by Broerstroom, suid van die Witwatersberg waar nou Pelindaba is. Van sy beskrywing van die kanonne blyk duidelik 'n kennersoog. Sy pa, HNP Pretorius, was die stigter van die Staatsartillerie van die ZAR. Maar onthou hy is op 24/11/1871 gebore en was dus gedurende die Eerste Vryheidsoorlog (die tyd van die Raskanonne) slegs 10 jaar oud. Geen wonder dat hy van die ou meneer praat nie. Dalk het hy ook Eduard Ras (gebore 18/01/1847) bedoel. Lodewyk het eers in die Tweede Vryheidsoorlog as kanonnier opgetree en sy naam Skote Petoors verdien. Hy is ook die persoon by wie Eugene Marais die geweer geleen het toe hy sy lewe geneem het op Skote Petoors se plaas. Behalwe vir skietery was Pretorius ook lief vir die bottel. Kyk staaltjies oor hom in ons inligtingstuk. In daardie jare was hier in die Wes-Transvaal 'n beroemde violis, oom Koos (Beursie) van Staden wat op alles wat 'n danspartytjie was sy viool en sang laat hoor het. Hy het een van sy walse van die volgende woorde voorsien "Oompie Lodewyk, oompie Lodewyk, hoekom drink jy soveel brandewyn? ens...." Ek wonder of dit nie dalk na Lodewyk Pretorius (Skote Petoors) verwys nie.

Duxbury se beskrywing van die "twee" kanonne verwys waarskynlik na die eerste kanon wat miskien net verbeter en weer ingespan is. Sover ek weet het die tweede

kanon eers na die Eerste Vryheidsoorlog klaargekom en is nooit teen die vyand gebruik nie.

Die toets van die twee kanonne op 02/11/1881 is vir my ook interessante nuus. Wat daaruit voortspruit is die feit dat die ou kanon beter tref as die die nuwe model. Ek verklaar dit daaruit dat die eerste kanon met ronde balle geskiet het (soos die outydse skeepskanonne waarvan Grietjie 'n voorbeeld was). So 'n projektiel is op 'n kort afstand redelik voorspelbaar. Die nuwe kanon het egter silindriese projektiele gebruik. Vir hulle het jy 'n gedraaide loop nodig om hulle op koers te hou anders begin die projektiel na 'n kort afstand tol en verloor dan spoed en rigting. Ras se kanonne het egter nie gedraaide lope gehad nie.

Ek heg vir jou afskrifte van ons inligting oor die Rasse en Skote Petoors hierby aan. (moes ongelukkig daarvan uitsny anders wil dit nie deur e-pos gaan nie).

Groete,
Albrecht

OPNAME VAN BESIENSWAARDIGHEDE Nr 097

RASKANONNE EN PLAAS
DATUM 1851 / 1860 / 1880
SAEA BESKERMING (60jr) ja
VERKLAAR nee. GELYS nee
GPS data: X 27.44.14 Y –25.44.25
BOKFONTEIN 448 JQ
PAD: P 2-4

Die plaas en sy eerste eienaars is van besondere erfenisbelang omdat dit aan die eenkant tipies is vir die blanke pioniers, hulle alledaagse lewenswyse, vindingrykheid, ondernemingsgees en uithouvermoë, maar aan die anderkant ook eenmalig weens die persone en die geskiedkundige gebeure.

Die transportakte van die plaas Bokfontein is op 13 Februarie 1860 aan Hermanus Nikolas Ras uitgemaak. Dit was egter net die “papierwerk” wat toe verrig is. In werklikheid het hy hom reeds in 1851 op die plaas neergelaat. Sy stamvader, Hans Ras, het in 1658 vanaf Duitsland as soldaat in diens van die VOC in die Kaap aangekom en binne enkele dae Vryburger geword. Hier het hy met Catharina Ustincx (vreemd genoeg ook van Duitse afkoms) getrou en is in 1673 oorlede aan sy wonde nadat ‘n leeu hom aangeval het. Sy agter-agter-kleinseun, Nikolas Ras, het aan die Groot Trek deelgeneem en hom in die Standerton-omgewing neergelaat.

Twee van sy seuns, Hermanus Nikolas en Willem Adriaan het verder getrek en in 1851 noord van die Magaliesberg aangekom. Hier was reeds die families Venter, Fourie, Schoeman, Kruger, Brits, Snyman en Joubert wat vanaf 1840 plase bekom het. Hierdie pioniers het die “nuwe” omgewing met die oë van jagters “ontdek” en name aan diere, plante en landskapelemente gegee. Die Rasse het op Bokfontien en Krokodildrif-Oos hulle bestaan gevoer deur te jag, met vee te boer en groente- en graangewasse vir huisgebruik aan te plant. Nadat hulle aanvanklik nog in hulle waens gewoon het, was die oprig van pioniershuise met kleimure en grasdakke reeds die eerste teken dat hierdie mense (of hulle vrouens!) nou moeg was vir swerf en besluit het om ‘n meer gevestigde lewe te voer.

Eers ná die pionierstyd, en met die aanlê van damme, watervore, landerye, boorde, waenhuise, meulens, dorsvloere, smidswinkels, skole en uiteindelik kerke, dorpe,

paaie en brûe het die omgewing wesenlik begin verander van wat dit in die tyd van die Matabele, die Tswana en voor hulle die Steentydperkmense was. Hier op Bokfontein het Martinus Nikolaas Ras ("Die Kanonmaker"), oudste seun van Hermanus Nicolas, díe gedeelte van die plaas met die opstal geërf. Hy het groot vrugteboorde aangeplant en veral sitrus onder die aandag van die bergboere gebring. Van die oorskotvrugte wat nie bemark kon word nie, het hy op 'n groot skaal brandewyn gestook. Met sy vyf stookketels, ingebou in die stookskuur, was hy verreweg die grootste brandewynprodusent van die omgewing. Ook sy smidswinkel en sy behendigheid om alles, "van 'n horlosie tot 'n geweer" te kan herstel, het hom onder sy tydgenote as 'n man met ondernemingsgees laat uitstaan. Hy was binnekort 'n gesiene en welaf man.

In die vestigingstyd van die boere in die nuwe land het daar ook staatkundige woelinge aangegaan. Die Matabele en hulle leier, Mzilikatse (062) het wel vir goed oor die Zambesirivier gevlug, maar van die Tswana-, Pedi- en ander aanspraakmakers het juis ná die vlug weer na hulle vroeëre tuistes teruggekeer. Hierdeur het wrywing tussen hulle en die boere ontstaan wat gemeen het hulle het die gebied verower deur Mzilikatse te verdryf. Daar was egter nog groter probleme deur twiste in eie geledere wat in 1863-1864 tot die Burgeroorlog gelei het wat hier aan die Krokodilrivier tot sy hoogtepunt maar gelukkig tot 'n einde gekom het (064).

Nog 'n bedreiging vir die jong Zuid-Afrikaansche Republiek was die Britse kolonialiste wat die Engelse sendelinge in die land as verkenners en nuusaandraers gebruik het. Dit het aanleiding daartoe gegee dat die Engelse sendelinge deur President M W Pretorius die land verbied is. Die kwaadstokery het egter net vererger en na die Shepstone-anneksasie het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek.

Ek het die foto uitgehaal.

*Reste van die smidswinkel op Bokfontein*.

Dis toe dat "Die Kanonmaker Ras" in werking getree het. President Burghers het nie net die vryheid nie, maar ook die paar kanonne waaroor hy beskik het aan Shepstone "oorhandig" sodat die Boeremagte voor Rustenburg gesit het met "Ou Grietjie", die skeepskanonnetjie wat laas by Bloedrivier diens gedoen het en sedertdien begrawe was. Grietjie het die nare gewoonte gehad om met elke skoot "agteroor bollemakiesie te slaan". Martinus Ras het aangebied om hierdie tekortkoming uit te skakel waarin hy ook geslaag het. Terwyl hy daarmee besig was, het hy 'n plan bedink om 'n beter en groter kanon te maak. Generaal Piet Cronjé het toestemming en verlof verleen en daar gaan Martinus, sy broer, Hermanus Nikolaas en 'n neef, Eduard, wat eintlik die vakkundige smid was, terug plaas toe, koop wabande en begin die smidsvure stook. Na twee weke was die eerste kanon gereed. Hy was 1,5 m lank met 'n boor van 89mm, gesmee van vier wabande in die lengte om 'n kern gevorm en verstewing met 'n reeks wabandringe wat daaróm warm ingekrimp was.

Nou het die dag van die eerste proefskoot gekom. Die kanon is op sy affet van 'n wa se vooras opgestel en na Wolhuterskop gerig. Wolhuterskop is 'n hele ent weg en hoeveel kruit moet 'n mens nou in so 'n groot kanon met 'n ronde bal van 3,5 kg laai om seker te maak die koeël trek darem tot daar? Nog erger sou wees as die koeël in die loop bly vassteek! Hulle raai toe 1½ pond sal net reg wees en daar steek hulle die ding by sy sundgat aan die brand en siedaar, die prop skiet agter uit en twee van hulle amper verby aan Bokfontein, bokveld toe. So 'n kleinigheid sit egter nie drie Rasse af nie. Na nog twee weke was die kanon herstel en verstewig en het hy sy toets geslaag.

Kmdt. Sarel Eloff het die kanon wat toe die naam "Martienie" gekry het, kom haal en op die Engelse in die fort vanaf 2000 meter afstand begin skiet. Die kanon het heel goed gevaar en etlike skote is in die fort geland.

Bemoedig deur die sukses, het die Rasse besluit om ‘n groter en beter kanon te maak. Die tweede kanon was ‘n ware meesterstuk: 2m lank en met langwerpige koeëls van 50mm deursnee en 100 mm lengte. Die kanon kon verder en akkurater skiet maar hy is eers na die slag van Amajuba voltooi en dus nooit in die oorlog gebruik nie. Na die oorlog het die Rasse £100 vegoeding ontvang, waarmee hulle na hulle onkoste afgetrek was, elkeen ‘n fluweelbroek koop! Daar het toe ook nog onenigheid in die geledere ontstaan omdat Martinus al die eer vir die kanonmakery ingepalm het terwyl Eduard (065) eintlik die kundige smid was.

Albei kanonne is bewaar. Op die plaas is ‘n klein replika van die eerste kanon as ‘n monumentjie opgerig. Verder is daar nog reste van die ou geboue, onder andere ‘n deel van die smidswinkel en die stokery. Martinus Ras is in die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 op pad van die gevegsfront na sy plaas deur Swart rowers vermoor en sy liggaamsdele is vir medisynemakery opgekerf. Hy lê op Bokfontein begrawe.

------------------------------------------------------------

Die volgende van Somon Du Plooi

Aanvullend tot jou insetsel oor die Ras Kanonne hierby aangeheg iets oor dieselfde onderwerp in ‘n artikel oor een van Potch se interresantste inwoners – Gezina Ras, eggenoot van ‘n kleinseun van een van die kanonmakers.

Die artikel sal in ons FAMNEA verskyn die laaste week van November – daarna is jy meer as welkom om die die inhoud of gedeeltes daarvan te gebruik. Artikel deur haar skoonseun en GGSA Lid Philip Malherbe.

## ‘N INTERESSANTE DAME VAN POTCHEFSTROOM

Philip Malherbe.

### Gezina RAS

Sy was ‘n nooi Du TOIT gebore 30 Junie 1922 en het grootgeword te Rooipoort Potchefstroom. Haar ouers was Johannes Jacobus Christoffel DU TOIT en Wilhelmina Johanna DU TOIT née HALL. Na haar vader se vader (oupa DU TOIT) te sterwe gekom het, het Gezina se vader die boerdery oorgeneem. Hy was een van die eerste boere in Potchefstroom wat ‘n trekker (‘n CASE trekker) aangekoop het. Gezina, haar suster en haar broer het skool bygewoon op Rooipoort deur met ‘n donkiekar skooltoe te ry.

Gezina was getroud met Sarel Marthinus RAS. Hy het afgetree as ‘n Adjunk Direkteur van Plaaslike Regering waarna hy op Rietfontein kom boer het. Hy het met Simmentalerbeeste geboer en hulle so geteel dat hulle almal poenskoppe was (sonder horings). Sy poenskop teelbul “Bobby” se eerste 12 kalwers was almal verse. Hy het ook lank met tamaties geboer en het ‘n splinternuwe Kombi uit sy tamatie winste gekoop. Sy petrolgeld het hy gemaak uit die turksvye wat hy verkoop het as hy op die dorp kom jukskei en rolbal speel het.

Gezina se man Sarel Marthinus RAS se oupa was een van die RAS broers wat saam met hul neef Eduard (‘n besonder vaardige ambagsman) en hulle seuns, die beroemde “RAS”–Kanonne van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-18881) gebou het.

Die RAS broers, Martinus en Hermanus Nikolaas, het tydens die beleg van Potchefstroom gedurende die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) toestemming van Genl. Piet CRONJE ontvang om ‘n kanon te bou vir die Transvalers. Hulle het ook

toestemming verkry van Kommandant Henning PRETORIUS om nuwe wabandyster van 'n winkelier op Rustenburg aan te koop.

Die kanon is op die plaas Bokfontein van Martinus RAS gebou. Hierdie plaas is in die Brits distrik, aan die Noordelike hange van die Magaliesberge geleë. Die RAS broers, hul neef Eduard RAS ('n besonder vaardige ambagsman) en hulle seuns het die kanon gebou. Afgesien van sy veeboerdery het Marthinus RAS ook groot vrugteboorde geplant en veral sitrusvrugte prominent onder die aandag van die bergboere gebring. Van die oorskot vrugte, wat nie bemark kon word nie, het hy mampoer gestook. Hy was op sy dag die grootste mampoer "produsent" in die omgewing.

Die kanonloop is op sy plaas in sy smidswinkel gevorm deur drie holgebuigde wa-bande, vier en 'n half voet (een en 'n halwe meter) lank, sorgvuldig aanmekaar te smee om die binneloop met 'n deursnee van ongeveer 3 duim (89mm) te vorm. Die loop is met 'n soliede sluitstuk afgesluit. Oor die hele lengte van die loop is ver-volgens rooiwarm ysterbande teen die ander vasgepers om te verhoed dat die loop uitmekaar sou bars. Korrel, visier, gaatjie om die kruid aan die brand te steek, laaistok en wisterstok het die kanon afgerond. Ronde koeëls van yster en lood is ook gevorm. Laastens is die kanon op 'n wa-agterstel met swaar hegstukke gemonteer. Die eerste skoot was te swaar gelaai - in springstof terme staan dit as 'n "over kill" bekend. Die ontbrandingskamer het gevolglik gebars en is erg beskadig. Die ou model is versterk en is toe suksesvol getoets. Nie alleen was dit 'n prototipe van "oude Grietjie" nie, maar inderdaad 'n verbeterde uitgawe. Die kanon is "Martini" gedoop.

Kommandant Sarel ELOFF het "Martini" kom haal en op 8 Januarie 1881 is begin om die Engelse fort vanaf 'n randjie buite Rustenburg, met koeëls van 7 pond (3½ kg) te bestook. 'n Britse verslag het later gemeld dat 59 skote afgevuur is. Ongelukkig word nie gemeld hoeveel daarvan trefskote was nie!

Met dié sukses agter die rug het Marthinus sy tweede kanon gebou en hom die "RAS" kanon genoem. Sy koeëls was 2 duim dik en 4 duim lank, die loop 5½ voet lank met 'n visier. Dit is as 'n pronkstuk beskryf - met 'n slanke gladde vorm.

Na die oorlog is die kanonne aan die regering oorgedra wat 100 pond vergoeding aan die RAS broers betaal het. Daaruit het hulle die wabande betaal en van die geld wat oorgebly het, kon elke lid van die span vir hom 'n splinternuwe fluweelbroek koop.

Albei kanonne bestaan steeds. "Martini" staan by die Denel wapenvervaardiger se hoofkantoor en "RAS" is te sien by die Fort Schanskop museum. Hierdie was die eerste kanonne wat volledig in Suid Afrika vervaardig is.

Bronne:

Jacobs, D. Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Die Familiegeskiedenis – hul wel en wee.

Van Rensburg, J. 1981. Die Ras-Kanone van Bokfontein, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria.

van Wyk, R. 1993. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Potchefstroom Mooirivier 1919 – 1992. Potchefstroom Herald (Edms) Bpk.

Onderhoud met Gezina Ras née Du Toit, gedurende Julie & Augustus 2006.

Onderhoud met Mercia van Rooyen née Du Toit gedurende Augustus 2006.

---

Groete tot volgende maand,

Rosa Swanepoel